

## *Julle het mos die vorige mens en sy praktyke soos klere uitgetrek*

**Skrywer: Sakkie Parsons**

Iemand skryf aan my en vra of ek nie my siening wil deel oor die prentjies van Jesus wat mense so rondstuur nie. Die persoon skryf dan onder andere: “Daar is so baie mense wat een of ander prentjie van Jesus aanstuur na ander, meestal lyk dit in elk geval na 'n Rooms Katolieke prent, met die kring om die "Jesus" se kop.

Ek persoonlik is daarteen omdat ek eenkeer daarna gekyk het en toe ek die aand bid het hierdie prent die heelyd voor my afgespeel. Ek het die Here gevra om dit weg te vat want hierdie "beeld" is van iemand op aarde.

Daar is so baie prentjies met 'n gesig op wat Jesus verteenwoordig waar Hy 'n lam of 'n kind of iemand vashou. Omdat, en amper skryf ek gelukkig, omdat in hierdie geval, ek blind is, het ek nie 'n idee hoe 'Rooms-Katolieke' prentjies van Jesus lyk nie.

Ek kan darem nog so vaagweg onthou dat ek prentjies van Jesus gesien het toe ek nog kon gesien het, maar gelukkig is dit ook al baie vaag, want dit is iets van die ver verre verlede.

Soos ek maar altyd maak as iemand my iets, veral iets wat op die Christelike geloof betrekking het, vra, gaan kyk ek wat die Woord, anders gestel, wat ons Here in Sy Woord vir ons aangaande die onderwerp sê. So, hoe verstaan ek uit die Woord, het Jesus gelyk?

Ek wil begin deur te noem dat Jesus, om dit so te stel, in Sy mensheid 'n Jood was. Gaan kyk maar na Sy geslagsregister in byvoorbeeld (MAT 1:1-17). So, as ek nou die prentjies van Jesus uit die verre verlede nog reg onthou, het nie een van hulle vir my iets van 'n Israeliet in gehad nie.

Dit daar gelaat.

Kom ons kyk wat die Woord sê van hoe Hy gelyk het. Dan moet ek dadelik sê dat die Woord Jesus nie vir ons fisies beskryf nie. Die naaste wat die Woord volgens my aan 'n beskrywing van Jesus voor Sy kruisiging kom, kry ons in (JES 53:2) en dan is dit ook net om te beskryf wat jy nie sou sien as jy na Jesus gekyk het nie.

**JES 53:2** .”.. soos 'n plant wat groei in droë grond. ***Hy was nie mooi of koninklik sodat Hy ons sou aantrek, of met 'n voorkoms dat ons van Hom sou hou nie.***

Met ander woorde die prentjie van Jesus wat so rondgaan is eintlik nie net 'n versinsel nie, maar 'n leuen en alle leuens het hulle ontstaan in die hart van satan. Luister wat sê Jesus aan mense wat loop en leuens verkondig:

**JOH 8:44** “*Julle is uit die duiwel as julle pa gebore, en julle wil net doen wat hy as pa van julle verwag. Hy was van die heel begin af 'n mensemoordenaar.*

*En **hy is nie in die waarheid nie omdat die waarheid nie in hom is nie. Wanneer hy ook al leuens verkoop, praat hy volgens sy innerlike oortuiging **omdat hy 'n leuenaar en ook die vader daarvan is.*****

So, as jy daardie mooi prentjie van Jesus rondstuur, stuur jy iets uit onder die vaandel van Christenwees uit, wat in die hart van satan sy ontstaan gehad het. Want wat jy uitstuur, is nie naastenby 'n prentjie van Jesus nie en jy weet dit. So, as jy dit uitstuur, stuur jy willens en wetens 'n leuen uit die hel, die wêreld in. Die enigste beskrywing wat die Woord, met ander woorde wat ons Here ons van Jesus gee, is hoe Jesus gelyk het nadat hulle Hom vir jou en my sonde, mishandel het toe Hy daar aan die kruis gehang het en dit sal dalk goed wees as jy en ek net weer met aandag daardie beskrywing lees:

**JES 52:14** “*Baie mense was ontsteld toe hulle Hom sien. Hy was so misvorm dat Hy skaars soos 'n mens gelyk het.*”

Sien jy?

Hy het amper nie meer na 'n mens gelyk toe Hy daar aan die kruis gehang het nie.

**JES 52:14** “... Hy was so misvorm **dat Hy skaars soos 'n mens gelyk het.**”

Ons Here sê in Sy Woord, dat mense ontsteld geraak het toe hulle Sy verminkte liggaam hangend aan die kruis aanskou het.

**JES 52:14** “*Baie mense **was ontsteld toe hulle Hom sien.** ...*”

Alles wat jy en ek nodig het, wat waar is om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig, is in die Woord

As ons 'n prentjie van Jesus nodig gehad het, sou die Heilige Gees wat byvoorbeeld Mattheus, Johannes en Petrus, geïnspireer het om te skryf wat hulle geskryf het, hulle ook geïnspireer het om 'n prentjie van Jesus vir ons te skilder. Na alles moes hulle Hom baie goed kon beskryf.

Nie alleen het Hy 'n geweldige indruk op hulle gemaak nie maar hulle het meer as drie jaar saam met Hom gelewe. So, hulle sou 'n uitstekende, presiese prentjie vir ons kon skilder, maar die Heilige Gees het nie een van hulle toegelaat om dit te doen nie.

Gewoon omdat ons nie so iets in die verkondiging van die Evangelie van Christus nodig het nie.

Ek lees in die Woord en ek glo ek kan dit ook op die prentjies van Jesus van toepassing maak. So hou dit ook maar in gedagte voordat jy weer 'n prentjie wat moet deurgaan as 'n voorstelling van Jesus rondstuur:

**ROM 1:21** “Ja, hulle het 'n Godsbesef gehad, maar tog het hulle Hom nie as God geëer of aan Hom dankbaarheid betoon nie. Intendeel, hulle het **vir hulleself allerlei belaglike voorstellings oor 'n godheid begin maak en hulle verdwaasde harte het heeltemal toegeslaan.**

**ROM 1:22** Alhoewel hulle daarop aanspraak maak dat hulle danig slim is, **het hulle in werklikheid heeltemal in dwaasheid verval - in so 'n mate**

**ROM 1:23** dat hulle **die verering van die onsterflike God met afgode vervang het wat sterflike mense en voëls en diere en slange uitbeeld.”**

Dink dan ook daaraan dat jy en ek, om dit so te stel, ‘n prentjie van Jesus vir die mense om ons moet wees. Luister wat sê die Woord oor ons, en wat die mense moet sien as hulle met ons te doen kry. Ons wat getuig dat die Heilige Gees in ons is:

**ROM 8:29** “Want God het hulle reeds vooruit geken, en **Hy het hulle aangewys om net soos Sy Seun te word.** Op hierdie manier sal Christus Jesus die oudste seun wees, omring deur baie broers en susters.”

So, as jy weer iets ontvang met die leuen van ‘n prentjie wat dan kwansuis Jesus voorstel, sê dan vir jouself: Voordat ek hierdie leuen onder die vaandel van Jesus se Evangelie gaan uitstuur, gaan ek liever dat die mense om my, deur my, Jesus sien.

Dan ondersoek jy ook sommer jouself om te sien hoeveel van die beeld van Jesus sien die mense om jou as hulle met jou te doen kry:

**KOL 3:9** “Moenie vir mekaar lieg nie. **Julle het mos die vorige mens en sy praktyke soos klere uitgetrek**

**KOL 3:10** en die nuwe mens aangetrek. **Hierdie mens kry voortdurend nuwe insig en word só verander en nuut gemaak om al meer soos sy Skepper te lyk.”**

Hoe lyk hierdie beeld, die Gees van ons Skepper, wat die mense in ons moet sien:

**GAL 5:22** “Maar die vrug wat die Gees voortbring, is: **liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid,**

**GAL 5:23** **sagmoedigheid en selfbeheersing.** Teen sulke dinge is daar nie 'n wet nie.”

Groete  
Sakkie

**E-pos:** [bediening@sakkieparsons.co.za](mailto:bediening@sakkieparsons.co.za)

**Webtuiste:** [www.sakkieparsons.co.za](http://www.sakkieparsons.co.za)

**Sel:** 083 457 6669

**Judas 1:24-25** „Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlikheid te stel met gejuig,

*aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit,  
krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen."*

*Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle  
e-pos adres in die "subject box" na [bediening@sakkieparsons.co.za](mailto:bediening@sakkieparsons.co.za)*

***Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.***

**Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die  
rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang  
nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.**